AFDELING D KOMMUNIKATIEWE TAAL

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Die onderstaande taalsinne is losweg op die prent en tema van gesonde verhoudings gebaseer. Herskryf die sinne soos aangedui – begin elke keer jou antwoord met die gegewe vetgedrukte woorde. Herskryf elke keer die <u>hele</u> sin as jou antwoord.

GESONDE VERHOUDINGS





[Bron: Google images]

8.1 Sy is bang. Sy vertrou hom.

Alhoewel … (1)

8.2 Almal hou hande vas by die vergadering.

Verlede week … (1)

8.3 Vriende moet mekaar vertrou.

Vriende behoort … (1)

8.4 Vandag is hy bly vir haar ondersteuning.

Volgende jaar … (1)

8.5 Het hy al ooit vir jou dankie gesê?

Nee, … (1)

8.6 Dit is mooi om te sien wanneer hy haar help.

Eergister … (1)

IEB Copyright © 2024

LIVEWORKSHEETS

8.7 Die vrou het die geskenk vir die kinders gegee.

Die geskenk … (1)

8.8 Die man vra vir die vrou: "Sal jy my help?"

Die man vra vir die vrou of … (1)

8.9 Hulle is gelukkig, want hulle het die probleem opgelos.

Hulle is gelukkig omdat … (1)

8.10 Hier is die selfhelpboek. Ek wil vir jou die selfhelpboek gee.

Hier is die selfhelpboek wat … (1)

8.11 Jy moenie so bang wees nie!

Jy hoef nie … (1)

8.12 Die ma is baie gelukkig. Die kinders is baie gelukkig.

Die ma, sowel as … (1)
[12]

IEB Copyright © 2024

BLAAI ASSEBLIEF OM
LIVEWORKSHEETS

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Lees die paragraaf wat losweg op die onderstaande prent en die tema van 'n gelukkige gesin gebaseer is, deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf die nommer en die korrekte antwoord ONDER MEKAAR in jou antwoordboek neer.



[Bron: Google images]

Mary is 'n **9.1 (uniek – gee die korrekte vorm van die woord)** jong meisie met groot koffiedrome. Sy is deel van 'n gelukkige gesin – die ouers en die kinders is baie lief **9.2 (… – voorsetsel)** mekaar. Mary raak volgende jaar **9.3 (14 – skryf in woorde uit)** jaar oud. Sy hou nie van selfone nie en sorg dat hulle eerder direk met mekaar praat **9.4 (i.p.v. – skryf die afkorting uit)** om vir mekaar boodskappe te stuur. Die hele gesin is almal gebore **9.5 (Suid-Afrikaaners/Suid-Afrikaners/Suid-Afrikans – kies die korrekte spelling)** alhoewel hulle nou in Frankryk bly. Hulle hou van oefen, daarom gaan hulle **9.6 (elke oggend – een woord)** saam stap. Alles daar in Frankryk – selfs 'n koppie koffie – het nou so **9.7 (duur – intensiewe vorm)** geraak. Hulle kan dus nou nie meer **9.8 (elke dag – een woord)** uitgaan vir koffie ná hulle gaan stap het nie. Dit het nou hul **9.9 (favourite – korrekte Afrikaans)** ding geraak om hulle eie koffie te brou en hul eie koffiewaentjie te begin. Daar bedien hulle vir die Franse en vir toeriste die **9.10 (goed – oortreffende trap)** koffie in die

IEB Copyright © 2024

LIVEWORKSHEETS

hele wêreld. Ná konstante **9.11 (lang/lank – kies die korrekte woord)** dae van **9.12 (maklike – gee die antoniem)** werk is dit vir hulle heerlik om ook die klein **9.13 (dinge – gee die verkleinwoord)** saam met mekaar te geniet – soos om nuwe kitskos te ontdek. Die kinders is nie so lief vir gesonde en **9.14 (kook – korrekte verlede deelwoord)** kos wat hul pa graag maak nie – hulle verkies kitskos. Die eksotiese smake en geure van Franse en Spaanse straatkos is vir haar **9.15 (lekker – gee die vergrotende trap)** as hulle gewone huiskos. Dit sal vir Mary een van die wonderlikste **9.16 (oomblik – meervoud)** van haar lewe wees as sy haar droom om een van die jongste baristas in die wêreld te word, te kan waar maak**.**

[8]

IEB Copyright © 2024

LIVEWORKSHEETS